# 4. DIE RELIGIEUSE GRONDMOTIEF EN LEWENSOPVATLIKE GRONDSLAE VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING

## 4.1 INLEIDING

In Hoofstuk 3 is aangetoon dat die TO as selfstandige onder=wysersvereniging in Suid-Afrika deur die jare 'n besondere plek ingeneem het en dat hy tans nog sinvol funksioneer. Dit wat primêr daartoe bygedra het, moet gesoek word in die religieuse grondmotief van die TO.

In hierdie hoofstuk word daardie grondmotief nou geïdentifiseer en geëvalueer. Daar word onderskei tussen die religieuse grond=motief van die TO en die lewensopvatlike grondslae daarvan. Die religieuse grondmotief van die TO is bepalend vir al sy werksaam=hede, daarom ook vir sy lewensopvatlike grondslag. Die oorsprong, wese en bestemming van die TO word gerig deur die religieuse grondmotief wat geoperasionaliseer word in die TO se uitgangs=punte en werksaamhede.

## 4.2 DIE RELIGIEUSE GRONDMOTIEF VAN DIE TO

### 4.2.1 Nadere bepaling van die begrip *religieuse grondmotief*

#### 4.2.1.1 Religie as die wortel van lewensopvatlike grondslae

Die term *religie* is saamgestel uit die Latynse grond=woorde *re* en *ligare*. *Ligare* beteken letterlik *binding*, dus dui religie op *herbinding* of *terugbinding*. Vir die Christen dui religie op die terugbinding van die hart, dit is die wese van die mens aan sy Skepper, naamlik die drie-enige God van die Heilige Skrif. Vir die nie-Christen dui religie op die terugbinding van

sy hart aan 'n (af)god (Van der Walt en Dekker, 1982 : 24; Schoeman, 1979 : 219; Dooyeweerd I, 1969 : 55-61).

Die mens is 'n religieuse wese. In sy religie openbaar hy 'n diepe afhanklikheid van 'n hoëre mag waarin of in wie hy die vaste grond en oorsprong van sy bestaan soek. Hierdie hoëre mag heers oor die mens in al sy handelinge; die mens is dienaar daarvan. Vol= gens Dooyeweerd (1959 : 8) is die religieuse "de volstrekt *cen= trale* drijfveer, omdat het *vanuit het religieuze levens-centrum* alle tijdelijke levensuitingen beheerst en op de ware of vermeende *oorsprong* van het bestaan richt".

#### 4.2.1.2 Religieuse grondmotiewe as primêre dryfvere vir menslike handelinge

Die begrip *grondmotief* self word deur Stone (1974 : 152) gesien as die geestelike wortel van die gemeenskapslewe wat die gedraginge van die mens soos die denke, sosiale lewe, gevoel, sedelike maat= stawwe, juridiese norme, ekonomiese beginsels; trouens, die ganse normkompleks van die gemeenskap rig en bepaal. Van Schalkwyk (1981 : 218) is van oordeel dat die mens te staan kom "binne 'n religieuse grondverhouding met iets of iemand in wie hy geloof (vertroue, sekuriteit) besit. Die aard en krag van daardie ver= houding is bepalend vir sy lewensbeskouing, standpunte, keuses en voorveronderstellings wat ten grondslag van sy totale lewe en op= tredes lê. Vanuit daardie grondverhoudinge met God/afgod leef en handel hy. Dit word sy *grondmotief* (kursivering - W.P.) wat alle handelinge en optredes (d.w.s. integraal) ten diepste (d.w.s. radikaal) bepaal en beïnvloed".

Uit hierdie omskrywings word dit duidelik dat alle mense die een of ander vorm van religie het. Hierdie religieuse binding rig die mens se hele lewe óf na God-Drie-enig óf weg van God-Drie-enig. Die religieuse gerigtheid van mense dra dus die kenmerk van 'n antitese, want daar is óf 'n God-gerigtheid óf 'n teen-godge=rigte terugbinding werksaam in die mens se hart. Alle mense, van alle eeue sedert die sondeval, is vasgevang in hierdie antitese. Die antitese is naamlik ten diepste die stryd tussen goed en kwaad — die *dunamis* van die Heilige Gees wat deur Christus die afvallige hart van die gebroke mens na sy ware oorsprong, naam=lik die God van die Heilige Skrifte, terugdring, teenoor die *dunamis* van Satan, wat die hart van die mens na afgode toe neig (Schoeman, 1979 : 9; Dooyeweerd I, 1969 : 61, 123).

Hierdie stryd is nie 'n stryd wat hom noodwendig altyd tus=sen die God-gelowige en die afgodgelowige openbaar nie, maar die antitese is "de onverzoenlijke strijd tussen tweërlei geestelijk beginsel, die door heel het volk, ja door heel de menscheid heen=gaat, en dié geen veilige kaders van christelijke levensvormen eerbiedigt" (Dooyeweerd, 1959 : 3). Hierdie kennis van die anti=tese tussen Lig en duisternis is slegs moontlik vanweë kennis van die Skrif. Vir die afgod-gelowige bestaan daar geen sodanige antitese nie.

Die religieuse grondmotief van 'n God-gelowige mens (en van die samelewingsverband waarin hy hom bevind) is die primêre dryfveer van sy ganse lewe en al sy handelinge. Dit is die stukrag wat sy lewe sinvol maak, wat hom doelgerig, verantwoordelik en roepings=bewus, in antwoord op sy religieuse hartsgegrepenheid, God en sy naaste laat dien en Godgehoorsaam oor die skepping laat heers.

Bepaalde religieuse grondmotiewe was en is werksaam in die kultuurhistoriese ontwikkeling van die Blanke bevolking van Suid-Afrika. Die Blanke Afrikaanssprekende onderwyserskorps van Transvaal is deel van die Blanke bevolking van Suid-Afrika, daarom is die onderwyser ook in sy handelinge gerig deur die religieuse grondmotief wat die gedraginge van ten minste 'n deel van die Blanke bevolking voortgestu het. Verderaan in hierdie hoofstuk sal aangetoon word hoe byvoorbeeld die ontstaan, bestaan en bestemming van die TO onder andere te danke is aan die aanwesigheid van so 'n religieuse grondmotief.

#### 4.2.1.3 Religieuse grondmotiewe in die Westerse denke

##### 4.2.1.3.1 Ter oriëntering

Die hegte bande wat Suid-Afrika nog altyd, sedert sy ontstaansjare, met Westerse lande soos Engeland, Nederland en ook later die Verenigde State van Amerika gehad het, het meegebring dat die Westerse denke sy invloed hier te lande laat geld het; trouens, geesteswetenskaplikes (waaronder filosowe, opvoedkundiges, letterkundiges en teoloë) van Suid-Afrika het self betekenisvolle bydraes tot hierdie denke gelewer.*

Die vier hoof-religieuse grondmotiewe wat Dooyeweerd (I, 1969 : 61-66; 1959 : 15 e.v.) in die Westerse denke onderskei, is:

---

*Vergelyk die bydraes van:
H.G. Stoker (filosoof)
W.A. Landman en J. Chr. Coetzee (opvoedkundiges)
N.P. van Wyk Louw (letterkundige)
J.D. du Toit (Totius) Teoloog en digter.

* die vorm-materie-motief van die antieke Griekse wysbe= geerte;

* die Skriftuurlike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing;

* die akkommodasiemotief van die Skolastiek, naamlik van natuur en genade (die bowe-natuur); en

* die afvallige, apostatiese humanistiese natuur-vryheid-grondmotief van na die Renaissance, wat uiteindelik die oorheersende grondmotief van die moderne Westerse denke geword het.

Duvenage (1971 : 126-128) onderskei ŉ vyfde grondmotief, naamlik die humanistiese grondmotief van kontingensie en vastheid.

Hierdie vyf religieuse grondmotiewe word vervolgens kortliks behandel, want hulle het ook ŉ invloed op die denke en die kul= tuurhistoriese ontwikkeling van Blank Suid-Afrika (i.c. die TO) gehad — en het dit tans nog (hoewel soms in ŉ gewysigde vorm).

#### 4.2.1.3.2 Die vorm-materie-grondmotief van die antieke Griekse wysbegeerte

Hierdie grondmotief van die Grieke bevat ŉ dualisme in homself, want die materie-motief wat in die Homeriese tydperk ontstaan het, is gegrond op die beskouing dat die *physis* (die ewigvloeiende lewenstroom wat uit die aarde opkom) die bron van alle lewe was, maar hierdie lewe word deur die blinde noodlot afgemaai en weer teruggedwing na die *physis*.

Hierteenoor het die kultuurreligie (wat die kultuuraspek van die Griekse samelewing verabsoluteer het — die sogenaamde vorm-motief) van die Olimpiese veelgodedom gestaan. Die redefunksie van die mens is deur hierdie vorm van heidense religie vergoddelik.

Deur die loop van die antieke geskiedenis van die Grieke het vorm en materie die twee onversoenbare beginsels in die lewens- en wêreldbeskouing van die Grieke gebly. Hierdie dubbelslagtige re=ligieuse dryfkrag wat as beheersende grond- en derhalwe ook denk=motief gefigureer het, het die ganse Griekse denke dialekties verskeur (Schoeman, 1979 : 13).

Die vorm-materie-grondmotief het sy invloed deur die eeue heen laat geld, self tot vandag toe, byvoorbeeld in die tipiese antro=pologiese beskouinge soos dat die stoflike menslike liggaam min=derwaardig is, teenoor die siel van die mens, wat ewigheidswaarde het. Hieruit het ook die siening dat handearbeid benede die so=genaamde beskaafde mens se waardigheid is, voortgekom.

Sulke opvattings is vir die Christen onaanvaarbaar, want Skriftuur=lik beskou, is die rede (d.i. die "vorm" van die mens) nie die belangrikste funksie wat die mens van die dier onderskei nie, maar die mens is in sy totaliteit na die Beeld van God geskape. Dit is ook nie net die verstandelik-begaafdes wat toe=gang tot Skrifwaarhede het nie; die mens kan ook op "naïewe" wyse die Openbaring van God korrek ervaar. Die rede is maar één van die funksies van die mens.

4.2.1.3.3 Die Skriftuurlike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing

Die Skriftuurlike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing

lê die Christelik-reformatoriese denke ten grondslag. Aan die begin word die mens na die Beeld van God geskape met die opdrag om te vermeerder en om oor die volmaakte skepping te heers. Deur die sondeval bring die mens homself én die skepping tot knegskap en gebrokenheid, want na die sondeval het Satan 'n greep op die mens en die skepping gekry wat vernietigend en afbrekend daarop ingewerk het. Die mens is genadiglik in ere herstel deur die soenverdienste van Christus en deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Deur die soenverdienste van Christus en deur die Heilige Gees word die mens en die skepping prinsipieel van die mag van die sonde bevry. Deur Christus is die sonde finaal oor=win, dog die mens moet in hierdie bedeling nog steeds daarteen stry. Die mens wat van nature sondig is, word in Christus deur die genadewerking van die Heilige Gees herskep tot kind van God (Dooyeweerd, 1959 : 28; 1969, I : 61).

Schoeman (1979 : 16-20) sien hierdie religieuse grondmotief as prominente, primêre dryfveer in die Westerse denke. Die Christe=like religie het dié grondmotief as nuwe gemeenskapsmotief in die Westerse wêreld ingevoer, een wat in radikale antitese staan teen=oor die meeste ander (nie-Christelike) wysgerige strominge. Waar hierdie apostatiese wysgerige strominge 'n faset of fasette van die geskape kosmos verabsoluteer, is dit die standpunt van die skepping-sondeval-verlossing-religieuse grondmotief dat God, deur sy genade en op grond van die soenverdienste van Christus, weer eens beslag lê op die afvallige en verlore hart van die mens. Hy dryf hierdie verdorwe hart van die mens aan deur sy Woord en Gees, sodat alle lewensuitgange van die mens weer op God gekonsen=treer word. Die Skriftuurlike ideaal, naamlik *Soli Deo Gloria* word deur hierdie religieuse grondmotief aan die mens gestel.

#### 4.2.1.3.4 Die sintesemotief van natuur en genade

Hierdie religieuse grondmotief het ontstaan as gevolg van po= gings om 'n sintese tussen die heidens-Griekse en die Skriftuurlik-religieuse grondmotiewe te bewerkstellig. Die natuur, soos verge= stalt in die liggaam van die mens wat uit materie gevorm is, is ondergeskik aan die genade, die bonatuurlike. Hierdie denkwyse het onder andere meegebring dat die mens in twee "dele" verdeel word: die keninstrument van die een deel is die rede en die van die ander die geloof. Verdere dualismes het hieruit voortgevloei, naamlik onder meer die opvatting dat die wetenskap beperk bly tot die terrein van die (sekulêre) rede van die mens, terwyl geloof 'n hoër orde is wat te make het met genade. As kritiek hierteen beweer Schoeman (1979 : 21) dat "Hierdie tweedeling van die kosmos egter onskriftuurlik (is) en 'n negering van die waarheid dat sowèl die rede as die geloof, soos hierbo gestel, blote bestaanswyses van die mens is wat gevolglik nóóit verabsoluteer mag word nie".

#### 4.2.1.3.5 Die humanistiese religieuse grondmotief van natuur en vryheid

Die Renaissance-humanisme het meegebring dat wetenskaplikes hulle toenemend losgemaak het van die oorheersende invloede van die kerk= like dogma. Die rede van die selfgenoegsame mens het die dryfveer van die mens se denke en dade geword. Gods openbaring was vir die mens van die rede net 'n beperkende faktor, die Bybel en God is ver= werp en slegs dit wat die mens met sy sintuie kon ervaar en met sy redelike vermoë analities kon begryp, is as waarheid aanvaar. Die vryheid van die outonome mens is, volgens die aanhangers van die humanistiese natuur-vryheid-grondmotief, aangetas deur die wet van

gehoorsaamheid van God en sy gebod soos vervat in die Heilige Skrif.

Die mens het daarna gestreef om deur sy wetenskaplike beheersing van die natuur vir hom 'n vrye volmaakte wêreld te skep (Dooyeweerd, 1959 : 145; 1969, I : 67). So 'n volmaakte wêreld het nie tot stand gekom nie, want heel gou was die Godlose mens slaaf van sy eie wetenskaplike monsteragtighede (vgl. die vernietegende moderne oorlogswapentuig, waaronder die atoombom) wat sy vryheid geheel en al ontneem het.

Die mens van die natuur-vryheid-motief het sy eie vloeibare wette, gegrond op sy eie redelike bevindinge wat vir hom sogenaamd volle vryheid in sy eie wetlike soewereine bestaan verseker, geskep. Die Skriftuurlike grondmotief, wat God as die Skepper van alles en die onderhouer daarvan erken, is in die natuur-vryheid-grondmotief vervals, want die mens het sy eie denke en wetenskaplike bevindinge vergoddelik, terwyl hy sy eie sondige natuur gerieflikheidshalwe negeer (Schoeman, 1979 : 22).

Enersyds het die mens die Skriftuurlike vryheidsopvatting verwêreld=lik en "vermenslik", want in plaas daarvan dat die mens sy vryheid in Christus gesoek het, het hy homself vergoddelik as wetgewer (die persoonlikheidsideaal).

Andersyds het die mens daarna gestrewe om die natuur in volle outo=nome vryheid te beheers en "hierdie (natuur-) wetenskapsideaal het die selfgeskepte rede-god van die humanisme tot rigsnoer gehad wat selfs Gods skeppingstaak (teoreties) moes oorneem" (Strauss, 1978 (a) : 9-10).

Die natuurwetenskaplike determinering van die werklikheid het egter meegebring dat die vryheid van die menslike persoonlikheid gedegradeer is tot "ŉ kousale gedetermineerdheid wat in onvryheid blinde natuurwette gehoorsaam" (Strauss, 1978(a) : 9). Die mens was self die outeur van hierdie spanninge, naamlik dié tussen we= tenskapsideaal en persoonlikheidsideaal en dié tussen determinisme en indeterminisme. Hy het sekere fasette van die kosmos verabsolu= teer (die menslike vryheid en die outonome natuurwetenskapsbeheer= sing) en die God van die Bybel wat die Skepper is van die ganse kosmos, verloën. Hierteenoor glo en bely die Christen dat God die Skepper en Onderhouer en Bestuurder van die ganse werklikheid is en dat Hy deur die werking van die Heilige Gees en deur die ver= lossende genade van Christus alles sinvol en harmonies tot Sy eer laat geskied.

4.2.1.3.6 Die humanistiese grondmotief van kontingensie en vast= heid

Duvenage (1971 : 126-128) identifiseer ŉ vyfde religieuse grond= motief, naamlik die humanistiese grondmotief van kontingensie en vastheid. Daar moet uit die bestaande situasie (die kontingente) gevra word na ŉ genormeerde (vaste) uitgangspunt. Die geopenbaarde waarheid van Gods Woord as vaste vertrekpunt is nie primêr leidend en gesagsvol vir die mens se lewe nie. Die behorenseise in ŉ be= paalde situasie word in hierdie geval die kontingente norm.

Hedendaagse apostatiese denkers, ook oor opvoeding en onderwys, "stel die kontingente situasie" met sy behorenseise voorop, waardeur "die ingressiewe betekenis van die openbaring ... nie verdiskonteer (word) nie" (Duvenage, 1971 : 128). Hierteenoor stel die Skrif=

matige denkers en teoretici oor opvoeding en onderwys "die vast=heid van die geopenbaarde waarheid voorop en gebruik dit as onder=stelling by die bepaling ..." (ibid.) van hulle siening van op=voeding en onderwys in al die aspekte daarvan.

Selfs Skrifmatige denkers ervaar soms in hulle hart 'n religieuse dualisme en gaan soek soms die norme in die kontingente situasie. Hierteenoor is die enigste vaste vertrekpunt vir die Christen ge=leë in die Woord van God en alle handelinge van die mens word uit=eindelik getoets aan die eise van Gods Woord.

4.2.1.3.7 Evaluering


'n Versoening of 'n oorbrugging tussen anastatiese en apostatiese religieuse grondmotiewe is nie moontlik nie, want die antitese is te groot. Dooyeweerd (1959 : 38) is baie beslis in sy siening ten opsigte van enige vorm van sintese, want hy poneer dat "Nimmer mag het eigenlijk *grondmotief* ener af-godische cultuur door de christen in zijn denk- en levenshouding worden overgenomen. Nimmer mag worden gestreeft naar een *synthese*, een *overbrugging*, tussen zulk een grondmotief (apostaties-W.P.) en dat der christe=lijke religie" (vgl. ook Dooyeweerd, 1969, I : 64).

Die religieuse grondmotief van die antieke Griekse wysbegeerte, naamlik die vorm-materie-motief, se invloed is tot in die moderne tyd sigbaar. Selfs die belyers van die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing moes telkens aanvegtinge en in=vloede van hierdie apostatiese grondmotief afweer en afkeur. Ver=gelyk in hierdie verband die onware sienswyse dat die sogenaamde minderwaardige stoflike komponente van die menslike liggaam, lewe en werk moet buig voor die sogenaamde meerwaardige geestelike (re=

delike en godsdienstige) fasette.

Die anastatiese Skriftuurlike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing laat hom, in 'n voortdurende antitese met alle apostatiese grondmotiewe, tot vandag toe geld. Tōg is en was alle Christene (hier bedoelende die navolgers van die religieuse grond= motief van skepping, sondeval en verlossing) nie gevrywaar van beïnvloeding van die bose magte van apostatiese grondmotiewe nie. Nie slegs word daar deur die aanhangers van die natuur-vryheid- grondmotief ononderbroke aanslae gemaak op die Christen-gelowige (d.i. Skrifgefundeerde gelowige) nie, maar ook die dissipels van die natuurgenade-grondmotief poog om 'n onheilige sintese te bewerk= stellig (Schoeman, 1979 : 21). Uiteindelik moet die Skrifgefun= deerde in sy eie hart weerstand bied teen die versoeking om in die kontingente situasie vaste norme te gaan soek.

Skematies kan die vyf grondmotiewe moontlik die volgende struktuur vertoon.




Figuur 4.1 Westerse grondmotiewe

Bogenoemde uiteensetting het relevansie vir hierdie studie, want:

* Die TO is gestig deur Christen-Afrikaneronderwysers wat hulle geloofsekerheid gevind het in die Skriftuurlike waarhede van skepping, sondeval en verlossing.

* Die geskiedenis van die TO (vgl. Hoofstuk 3) lewer bewys daarvan dat hy hierdie religieuse grondmotief van hom sover moontlik probeer uitleef het.

* Verderaan word ondersoek in watter mate die TO getrou was in die uitlewe van die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing (vgl. Par. 4.2.4).

* Die TO figureer in die Republiek van Suid-Afrika in 'n kon= fliksituasie, want 'n groot deel van die Blanke bevolking huldig ander denkstandpunte as die TO. Die vraag of die TO nog altyd daarin geslaag het om sy identiteit, soos ge= grond op sy religieuse grondmotief, uit te leef, sal beant= woord moet word.

### 4.2.2 Religieuse grondmotiewe as stukragte agter opvoedende onderwysstelsels

Religieuse grondmotiewe bepaal hoofsaaklik die gang van gebeure van volkere. 'n Verandering in die religieuse grondmotief kan selfs 'n ommekeer in die verloop van die geskiedenis van 'n volk tot gevolg hê. So byvoorbeeld was daar die geestelike ontworteling van die Franse Hugenote in Wes-Europa (Stone, 1974 : 152).

Religieuse grondmotiewe bepaal ook opvoedingsmotiewe en tussen opvoedingsmotiewe en opvoedende onderwysstelsels is daar 'n noue

verband (Barnard, 1981 : 50-51; Stone, 1974 : 153). By die Protestantse lande se opvoedende onderwysstelsels is die Skriftuur= like grondmotief van skepping, sondeval en verlossing die suiwerste gedra (Barnard, 1981 : 51). In die Rooms-Katolieke lande wat sterk ortodoks-georiënteerd is, het die skolastiese grondmotief van na= tuur-genade die swaarste geweeg, terwyl die Moslems 'n nie-christe= like religieuse grondmotief het.

Nă 'n vergelyking tussen die oorwegend Protestantse lande en die oorwegend Rooms-Katolieke lande se opvoedende onderwysstelsels, het Hans (1971 : 104-105) onder meer die volgende bevind:

Tabel 4.1 Aantal adolessente per 100 leerlinge wat na-primêre onderwys ontvang

| Oorwegend Protestants | | Oorwegend Rooms Katoliek | |
|---|---|---|---|
| Denemarke | 44 | België | 10 |
| Duitsland | 44 | Frankryk | 18 |
| Engeland | 47 | Italië | 25 |
| Skotland | 43 | Pole | 17 |
| Swede | 37 | Portugal | 14 |
| Switserland | 42 | Spanje | 12 |

Hans kom tot die gevolgtrekking dat die Protestantse lande in alle onderwysaspekte die leidende posisie ingeneem het en dat hulle oor die bes-ontwikkelde opvoedende onderwysstelsels beskik het. Daar= teenoor het die Moslemlande met 'n nie-christelike religieuse grond= motief in vergelyking met die Westerse lande 'n groot agterstand ten opsigte van hulle onderwysstelsels.

Die Skriftuurlike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing

het, naas ander religieuse grondmotiewe,* ook in Suid-Afrika 'n uiters belangrike rol gespeel, en figureer tans nog sterk as dryf= krag in Suid-Afrika. Die TO, wat deel is van die Blanke opvoeden= de onderwysstelsel van die Republiek van Suid-Afrika, is voortge= stu deur bepaalde opvoedingsmotiewe wat op hulle beurt weer deur die religieuse grondmotief bepaal is. Barnard (1981 : 50-51) skryf in hierdie verband dat "religieuse grondmotiewe of geestes= magte die stukrag agter die doen en late van mense, volkere en kultuurgemeenskappe (is). Die grondmotief is derhalwe die dryf= krag agter die ganse kultuurontwikkeling — waaronder ook die on= derwysstelselontwikkeling — van 'n kultuurgemeenskap".

In Hoofstuk 3 van hierdie verhandeling is aangetoon dat die TO nie net as onderwysersdiensorganisasie gefunksioneer het nie, maar dat hy in sy geskiedenis as deel van die ganse "kultuurontwikkeling" van die Afrikanervolk beskou kan word.

Die prestasies wat die TO tot duver as diens-, kultuur- en perso= neelorganisasie behaal het, sy grondslae en doelstellings, sy ont= staan, wese en aard en sy bestemming moet geëvalueer word teen die agtergrond van dié besondere religieuse grondmotief wat ook vir die TO as dryfkrag gedien het. Vervolgens sal nagegaan word watter spesifieke twee grondmotiewe veral in Suid-Afrika se kultuurhisto= riese ontwikkeling met besondere verwysing na die Blanke onderwys in Transvaal, werksaam was.

*Onder die Swart volkere van Suid-Afrika is daar byvoorbeeld apostatiese religieuse grondmotiewe soos aanbidding van voorva= dergeeste en natuur-aanbidding, terwyl sommige Blankes in Suid-Afrika sterk humanitiese en materialistiese lewensopvattinge (byvoorbeeld ateïsties en sosialisties) gegrond op die aposta= tiese religieuse grondmotiewe van natuur-genade, natuur-vryheid en kontingensie-vastheid, huldig (vgl. Par. 4.2.1.3).

### 4.2.3 Twee prominente religieuse grondmotiewe werksaam in die Suid-Afrikaase onderwyssubstelsel vir Blankes met besondere verwysing na Transvaal

#### 4.2.3.1 Inleidende opmerkings

Die aard van die kultuurhistoriese ontwikkeling van die Blanke bevolking van Suid-Afrika, waarby ingesluit is die Blanke opvoedende onderwysstelsel, is gerig deur bepaalde religieuse grondmotiewe, waarop besondere lewensopvattinge stam. Hier te lande kan veral twee grondmotiewe onderskei word, naamlik die grondmotief van skepping, sondeval en verlossing en die grondmo= tief van natuur en vryheid (Steyn, Van der Walt, Dekker en Steyn, 1981 : 67).

Die religieuse grondmotief van vastheid en kontingensie, soos ge= identifiseer deur Duvenage (1981 : 181), figureer ook, in dié sin dat vastheid gesoek word in die natuur — by die navolgers van die natuur-vryheid-grondmotief. Selfs diegene wie se lewensopvatting gefundeer is in die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing, soek soms vaste norme in die kontingente.

Die antitese wat daar in Suid-Afrika tussen die natuur-vryheid-grondmotief en die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing bestaan, het veral sterk op die voorgrond getree na= dat Britse Imperialisme sedert 1806 by Suid-Afrika betrokke geraak het. Bepaalde prominente Suid-Afrikaanse regeringsleiers het deur hulle wetgewing gestalte gegee aan sekere grondmotiewe.

Aan die een kant was daar die verteenwoordigers van die natuur-vryheid-grondmotief. Steyn et al. (1981 : 39) identifiseer in dié verband vir J.A. De Mist, T.F. Burgers en J.C. Smuts. Aan die

ander kant was die eksponente van die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing S.J. du Toit, N. Mansvelt en J. de Klerk, met hulle aandeel in onderwyswetgewing.

### 4.2.3.2 Humanistiese grondmotiewe in die Blanke substelsel van opvoedende onderwys in Suid-Afrika en Transvaal

Sedert 1802 tot en met 1909 het oorsese lande soos Engeland, Hol=land en Duitsland aktief ingemeng in die kultuurhistoriese ont=wikkeling (waaronder ook die staatkundige en opvoedende onderwys=ontwikkeling) van Suider-Afrika. Gedurende die Bataafse tydperk (1802-1806) het De Mist met hervormingsmaatreëls gekom wat die staat in 'n oorheersende posisie geplaas het. Dit het dié invloed op die opvoedende onderwyspraktyk gehad dat die primêre doelstel=ling van die skole nie meer die aflegging van geloofsbelydenis was nie (soos wat die geval was gedurende die bewind van die Hollands Oos-Indiese Kompanjie, 1652-1795), maar wel die vorming van goeie staatsburgers. Hy het die aandeel van die kerk en die gesin dus drasties ingekort — ook omdat hy deurdronge van die destydse ideale van humanisme en liberalisme was.

Gedurende die tydperk van Britse beheer oor die Kaapkolonie (1806-1909) is die opvoeding en onderwys as instrumente gebruik om die denasionaliseringsbeleid van die veroweraar, naamlik Engeland, deur te voer. "In teenstelling met die Christelik-nasionale lewensbe=skouing het die Britse owerhede die denasionaliseringsdoelstelling primêr geplaas terwyl die Christelike opvoeding sekondêr gestel is" (Steyn et al., 1981 : 72).

Hierdie denasionaliseringsbeleid van die Britse regering was een van die hoofoorsake van die Groot Trek van 1835-1838. In die

huidige Transvaal het die Trekkers 'n onafhanklike staat, die destydse Zuid-Afrikaansche Republiek, gestig, waarin hulle hul eie Christelik-nasionale lewensbeskouing gegrond op die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing, kon uitleef.

Alhoewel 'n kerngesonde Christelik-nasionale opvoedende onderwysstelsel in die Zuid-Afrikaansche Republiek gevestig en uitgebou is, was president T.F. Burgers met sy liberale maatreëls nie in pas met die religieuse en volkseie ideale van sy volk nie. Burgers se maatreëls is deur die humanistiese tydsgees in Nederland beïnvloed, want hy wou "opvoeding vir almal" bewerkstellig en dit was strydig met die primêre doelstelling van Christelike opvoeding. Die opvoedingsdoel is gesekulariseer en dogmatiese godsdiensonderrig is uit die skole geweer — alles aspekte wat daarop dui dat Burgers se wet onaanvaarbaar vir sy volk was, en dat dit gedra is deur 'n humanistiese grondmotief (Barnard, 1979 : 52; Steyn et al., 1981 : 74)*.

Na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) met sy ontwrigtende invloede, ook op onderwysgebied (vgl. Paragrawe 3.4 tot 3.6), inisieer Smuts *Wet 25 van 1907*. Hierdie wet vertoon 'n sterk humanistiese inslag, want 'n oorwegend neutrale opvoedende onderwysstelsel word gemagtig (vgl. Par. 3.6.6).

Die geskiedenis van Suid-Afrika, vir sover dit die Blanke bevolking betref, word dus onder andere gekenmerk deur die figurering van 'n duidelik-herkenbare humanistiese grondmotief van natuur-vryheid en kontingensie-vastheid. Die Christelik-nasionale onderwysbeginsel

---

*Vir 'n volledige uiteensetting van die geskiedenis van hierdie tydperk, vergelyk Hoofstuk 3, Par. 3.2.2

waarin veral die Christelik-religieuse grondmotief sterk gefunk= sioneer het, is deur De Mist, Burgers en Smuts doelbewus uit hulle wetgewing geweer. In die volgende paragraaf word die draers van die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing aan die orde gestel, waarna die relevansie van dié twee primêre dryfkragte vir die TO aangetoon sal word.

### 4.2.3.3 Die Skrifmatige grondmotief van skepping, sondeval en verlossing in die Blanke substelsel van opvoedende on= derwys in Suid-Afrika en Transvaal

Gedurende die bewind van die Hollands Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap (1652-1795) is ŉ eie Afrikaneridentiteit wat gedra is deur die Christelik-nasionale lewensopvatting, gebore. Gedurende hierdie tyd het die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing die opvoedende onderwys gedra, want die primêre doel was "om die kind te help en te lei om as volwassene ŉ vol lewe onder leiding van die Christelik-nasionale lewensbeskouing te lei" (Steyn et al., 1981 : 69).

Die eie Afrikaneridentiteit wat gedra is deur die Christelik-nasionale lewensopvatting, wat gevorm is sedert Jan van Riebeeck se volksplanting aan die Kaap, moet, vir sover dit verband hou met hierdie verhandeling, kortliks omskryf word aan die hand van en= kele gesaghebbende uitsprake van Afrikanerleiers en -denkers op verskeie terreine.

Roos (1979 : 130) beweer dat "die basis van die Afrikaanse lewens= opvatting, van sy geskiedenis, sy kultuur en die hele aard en wese van sy volk ... gevind (word) in die Christelike aard daarvan". ŉ Bewys vir hierdie stelling vind hy onder andere in die gebed van

Jan van Riebeeck met die volksplanting.

Barnard (1979 : 3) wys daarop dat die Hollanders van die tyd van Jan van Riebeeck trots was op hulle destyds verworwe godsdiens- en staatsvryheid. Hulle was trots daarop om gebonde te kon wees aan die reformatories-nasionale beginsels, wat gegrond is op die drie belydenisskrifte, naamlik *Die Heidelbergse kategismus*, *Die Dordtse leerreëls* en *Die Nederlandse geloofsbelydenis*. Bo en be= halwe die *Nederlandse Statebybel*, wat later ook saam met die Voor= trekkers die binneland ingeneem is, en wat vir ongeveer 300 jaar lank die Afrikaner se Bybel was, het die drie belydenisskrifte die hoofinhoud van die opvoedende onderwys aan die Kaap geword.

Raath (1969 : 3) huldig die mening dat die onderwys in die Westerse wêreld uit die kerk gebore en gedra is. Hy beweer verder dat die kerk in Suid-Afrika vanaf die volksplanting die moeder, die draer en die kampvegter van die onderwys was, aanvanklik onder die toe= sig van die "Classis" van Amsterdam.

Enkele identifiseerbare aspekte van die Afrikaneridentiteit tot en met 1795 was dus die volgende:

* Die aard van die Afrikanerkultuur was Christelik.

* Die Afrikaner was gebonde aan reformatories-nasionale be= ginsels.

* Die opvoedende onderwys van die Afrikaner was primêr afge= stem op die ontsluiting van die Christelik-religieuse grond= motief van skepping, sondeval en verlossing.

* Die kerk het 'n leidende rol gespeel in die opvoedende on= derwys van die Afrikanerkinders, wat implisiet meegebring

het dat die ouers as belydende lidmate direkte betrokken=
heid by die skole van hul kinders gehad het.

Tydens die Napoleontiese oorloë is die Kaap die Goeie Hoop in 1795 deur Groot-Brittanje beset. Hierdie besetting het tot 1802 geduur, toe die Vrede van Amiens die Napoleontiese oorloë beëindig het. In daardie stadium was die Kaap vir Brittanje net van strategiese belang, daarom het hy nog nie met denasionaliseringspogings begin nie. De Mist, wat gedurende die Bataafse tydperk, 1802-1806, as kommissaris vir die Kaap benoem is, het die beginsels van die Franse Rewolusie, soos beliggaam in die Franse leuse van "Vryheid, Gelykheid en Broederskap" ingedra in die regeringsbeleid van die Kaap. Vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika is daar doelbewus wegbeweeg deur die regering van die suiwere Skrif=tuurlike religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlos=sing.

Die verdere verloop van die geskiedenis het getoon dat die Afri=kaners, getrou aan hulle identiteit, eers weggetrek het van die prinsipieel-andersdenkende Engelse owerheid (Engeland het die Kaap weer in 1806 beset en met sy verengelsingsbeleid begin) en later selfs vir hulle vryheid geveg het in die Tweede Vryheidsoorlog (1899 tot 1902).

Die grootste aantal Voortrekkers het hulle mettertyd in die huidige Transvaal gevestig en hier het hulle nie slegs 'n Christelik-nasio=nale regeringsbeleid gevolg nie maar ook hulle onderwysbeleid dien=ooreenkomstig gereël. Die CNO-beginsel het weer tot sy reg gekom onder leiding van S.J. du Toit met *Wet 1 van 1882* en N. Mansvelt met *Wet 8 van 1892* (vgl. Paragrawe 3.2.1 tot 3.2.5).

Na die Tweede Vryheidsoorlog, wat 'n einde gemaak het aan Du Toit en Mansvelt se CNO-stelsel, was die volgende belangrike wet wat die aard van die opvoedende onderwys in Transvaal sou bepaal, *Wet 25 van 1907* (vgl. Paragrawe 3.6.6 en 3.6.7). *Wet 25 van 1907* het in hom ingebou 'n neutrale standpunt ten opsigte van die aanvaar=ding en uitlewe van enige religieuse grondmotief; dus is die vryheid van die mens, los van Gods Woord, by implikasie benadruk.

Hierdie toedrag van sake is onder voortdurende protes vanuit Afri=kanergeledere, tot en met 1967 gehandhaaf, toe Wet 39 op die wetboek geplaas is gedurende die ampstermyn van Sy Edele minister Jan de Klerk, wat destyds minister van Nasionale Opvoeding was. Hierdie wet bepaal dat die Blanke opvoedende onderwys 'n Christelike karak=ter moet hê en dat dit 'n breë nasionale karakter sal dra (vgl. Paragrawe 3.11.2 en 4.2.4.2.4).

Samevattend kan die volgende stellings gemaak word:

* Sedert die volksplanting in 1652 tot en met die eerste Britse besetting van die Kaap in 1795 het die Christelik-religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing as dominante dryfkrag in Blanke Suid-Afrika gefigureer.

* Vanaf 1802, tydens die Bataafse bewind aan die Kaap, het daar sterk eienskappe van humanisties-liberalistiese grond=motiewe begin funksioneer in die kultuurhistoriese ontwik=keling van Blank Suid-Afrika.

* Die Afrikaner, wat jaloers gesteld was op sy identiteit, soos gedra deur sy Christelik-religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing, het goed en bloed opgeof=fer ter wille van die onbelemmerde uitleef van sy volkseie

karakter en het die binneland ingetrek.

* In Transvaal (die destydse Zuid-Afrikaansche Republiek) het die Trekkers weer die CNO-stelsel gevestig en uitgebou.

* Die Tweede Vryheidsoorlog en *Wet 25 van 1907* het weer die humanistiese grondmotiewe sterk laat funksioneer, tot mis=noeë van die meerderheid van die Afrikanervolk, waaronder die TO.

* Steeds het die Afrikaners geveg vir hul kosbaarste besitting, naamlik die behoud en handhawing en uitbouing van die Skrif=beginsel in die opvoedende onderwys van Blankes — wat uit=eindelik uitloop op die promulgering van Wet 39 van 1967.

### 4.2.4 Die religieuse grondmotief van die TO

#### 4.2.4.1 <u>Die religieuse grondmotief wat die stigting van die TO tot grondslag gelê het</u>

In Suid-Afrika was daar sedert 1652 tot en met die stigting van die TO in 1894 reeds twee duidelik waarneembare grondmotiewe as stukragte in die kultuurhistoriese ontwikkeling van Blanke Suid-Afrika werksaam. Die suiwer volkseie Afrikaneridentiteit is gedra deur die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlos=sing, terwyl 'n vreemde humanisties-liberalistiese grondmotief veral kenmerkend was van die denke en handelswyse van die Engelse veroweraars en van die Engels-georiënteerde uitlanders wat hulle na die ontdekking van goud op die Witwatersrand gevestig het (vgl. Par. 4.2.3).

Die Afrikaneronderwysers van die huidige Transvaal (destyds die

Zuid-Afrikaansche Republiek) het oorgegaan tot die stigting van die VVOOZA en in en deur hierdie vereniging kon hulle hul Skrif=gefundeerde beginsels uitleef. Die ontstaan van die TO, waaronder sake soos voorbereidende werk en die stigting van die Vereniging, is in Paragrawe 3.3.1 tot 3.3.3 behandel.

Die religieuse grondmotief wat as dryfkrag vir die stigting van die TO gelei het, is eksplisiet uitgespel in Artikel 2 van die eerste grondwet wat in 1894 by die stigtingsvergadering aanvaar is. Artikel 2 (Van Bruggen, 1918 : 11) van die Grondwet lui:

> "Als een Vereeniging van pedagogen erkennende dat in de Heilige Schrift de diepste verborgenheden omtrent het wezen en de bestemming van de mens zijn geopenbaard, neemt zij Gods Woord als haar Grondslag aan".

Uit hierdie artikel blyk dit duidelik dat dié vereniging reeds sedert sy stigting 'n lewensopvatting huldig wat gegrond is op die volgende:

* Die onvoorwaardelike aanvaarding van Gods Woord as die ge=openbaarde wil van God;

* 'n Skrifgefundeerde antropologie, naamlik dat die mens slegs uit die Bybel ware kennis omtrent sy wese en bestemming kan bekom. Die Skrifgefundeerde religieuse grondmotief dat die mens deur God geskape is, dat hy in sonde geval het en dat hy deur die genadewerking van Christus verlos is, is vervat in die woorde "dat in de Heilige Schrift de diepste *verbor=genheden omtrent het wezen en de bestemming van de mens*" tot openbaring kom (kursivering - skrywer).

4.2.4.2 <u>Die religieuse grondmotief wat die TO sedert sy stigting (1894) tot in 1982 voortgestu en gedra het</u>

4.2.4.2.1 Inleidende opmerkings

In hierdie paragraaf sal vasgestel word of die TO-grondwet tans (1982) nog dieselfde religieuse grondmotief verwoord as in 1894. Voorts sal nagegaan word hoe dié religieuse grondmo= tief deur verskillende toonaangewende segsmanne en leiers van die TO onder woorde gebring is. Ten slotte sal die TO in sy optrede ten opsigte van verskeie prominente sake in die verlede getoets word of hy in ooreenstemming met sy religieuse grondmotief gehandel het.

4.2.4.2.2 Die religieuse grondmotief van die TO soos verwoord in die huidige TO-grondwet

Artikel II A van die Grondwet van die TO (vgl. Bylaag 1) bepaal tans (soos weer goedgekeur op die Algemene Vergadering van die TO op 18 September 1982) dat die Vereniging erken dat —

> "A In die Heilige Skrif die diepste verborgenhede omtrent die wese en die bestemming van die mens geopenbaar is en aanvaar die Woord van God as sy grondslag".

Behalwe vir die feit dat die ou Hollandse formulering van artikel II van 1894 in die Grondwet van 1982 in Afrikaans geskrywe is, is daar geen verandering in die betekenisinhoud van die bepaling nie. Die gevolgtrekkings wat in Paragraaf 4.2.4.1 gemaak is, geld dus onveranderd.

#### 4.2.4.2.3 Die vertolking van die religieuse grondmotief van die TO deur toonaangewende TO-leiers en -segsmanne

Sedert die stigting van die TO in 1894 het verskeie TO-lede, wat ook bekend was en is as onderwysleiers in Suid-Afrika, bepaalde betekenisinhoude gegee aan, en omskrywings gegee van die religieuse grondmotief van die TO. Hierdie besondere kwalifiserings en kon=notasies is nie altyd bewustelik of doelbewus uitgespel nie; tòg kan die versigtige interpreteerder duidelike tendense identifiseer, wat daarop dui dat 'n bepaalde religieuse grondmotief steeds sterk gefigureer het en tans nog 'n duidelike koers in die gees, rigting en werksaamhede van die TO bepaal.

Vir hierdie ondersoek is die amptelike lyfblaaie en notules van die TO, asook enkele ander dagblaaie en tydskrifte* deurgewerk om so=doende 'n beeld te kon kry van die uitgesproke (-geskrewe) religieuse grondmotief van die TO. In die TO-lyfblaaie en notules; trouens in al die geskrifte van die TO wat oor prinsipiële sake handel, word 'n volgehoue, indirekte proklamering van die Christelik-reli=gieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing waargeneem. Slegs enkele prominente persone se uitsprake word nou verderaan weergegee, ontleed en krities oorweeg.

Sodanige uitsprake kan beskou word as uitgesproke standpunte van die TO, want nie slegs is dit deur TO-voorposdenkers uitgestippel nie, dit het ook in openbare geskrifte verskyn en nêrens, sover vasgestel kon word, het die TO deur middel van besluite of repu=diërings hierdie interpretasies teruggetrek of ongedaan gemaak nie.

---

*Vergelyk *Onderwysblad*, *Mondstuk*, *Handhaaf* soos in Bronnelys opge=neem.

Reeds in 1943 het Erlank (1943 : 35) *Christelik-nasionaal* as on=skeibare komponente van mekaar gesien; die een kan nie sonder die ander waar en eg in 'n lewensopvatting funksioneer nie.

Die interpretasies van die begrip *Christelik* het veral gedurende die afgelope 20 jaar heelwat aandag geniet. Bingle (1962 : 73-74) het daarop gewys dat die Afrikaner, daarom ook die Afrikaneronder=wyser (waaronder die TO en sy lede) se lewens- en wêreldbeskouing op Romeine 11:33, naamlik "Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen" — gegrond is. Hy het verder gekonstateer dat "... CNO nie 'n ietsie Christelikheid aan enige soort skool kan wees nie. Dit is 'n eie benadering van al die vraagstukke van die onderwys volgens 'n eie sisteem met 'n eie toepassing" (ibid.). Volgens hom belig Gods Woord die ganse werklikheid, daarom ook die TO in al sy werksaam=hede.

Dekker (1969 : 89) sluit in sy argumentasie sterk aan by Bingle, want volgens Dekker vloei belydenis en lewenspraktyk ineen. Hy sien die hand van God in alles, agter alles en bo alles. Hierdie belydenis vorm die grondslag van die Christen-Afrikaner se bestaan en lewensgeluk en dit moet ook die eiendom van die Afrikanerkinders word. Dekker beweer dat hierdie belydenis van die Afrikanervolk op die Heilige Skrif gegrond is en dat dit in die belydenisskrifte van die drie Afrikaanse kerke tot uitdrukking kom.

Die feit dat Gods Woord die ganse werklikheid belig, is verder toe=gelig deur Strauss (1971 : 245), wat poneer dat ons slegs in Christus bevry word van verabsolutering van énige werklikheidsaspek, omdat ons deur Christus gebring word tot die almagtige God en enig-absolute Skepper van alle dinge.

Die hoë waarde wat die TO by monde van *Onderwysblad* deurgaans aan sy religieuse grondmotief geheg het, blyk ook uit sy siening van nie slegs die praktiserende onderwyser nie, maar ook uit sy sie= ning van die beoefening van die Opvoedkunde as wetenskap. Ten opsigte van laasgenoemde komponent dui Schutte (1971 : 201) daarop dat die Skrifgelowige opvoedkundige in sy sondige swakheid steeds nog soos Paulus van die Skrifte moet vra: "Here wat wil U hê moet ek doen?" (Handelinge 9:6). Vir die praktiserende onderwyser spruit egte en ware opvoeding uit 'n Skrifgefundeerde lewensopvatting voort wat gebou is op 'n Godgerigte toerusting van die hart (Van der Walt en Dekker, 1982 : 19).

Dié Skrifgefundeerde lewensopvatting van die TO en sy lede het hom in 1978 (Anon., 1978 : 2) genoop om 'n baie duidelike standpunt in te neem na aanleiding van ongedissiplineerde gedrag van skoolleer= linge wat die "veertig-dae-tot-vryheid"-pretdae laat ontaard het. Hierdie onordelike sekularisasie is skerp deur die redakteur van *Mondstuk* veroordeel, en hy het die Afrikaner-onderwyser (die TO-lid) opgeroep tot dialogiese weerbaarheid sodat hy normatiewe keuses kan maak. 'n Houding van neutraliteit is afgewys, en ge= paardgaande daarmee het die TO al sy lede opgeroep om in krisis= oomblikke standpunt in te neem, al sou dit ten koste van vrede en rus in hulle professie wees.

Die TO het met laasgenoemde uitspraak bevestig dat die Skrifgefun= deerde beginsels vir hom swaarder weeg as valse rus en vrede. Hierdie gedagte is eksplisiet verder deur Landman (1980 (b) : 7) uitgebou, wat uitgestippel het dat Christelikheid vir die Afrika= neronderwyser in sy opvoeding sentraal is. Hy het verder daarop gewys dat die Christenopvoeder 'n geroepene is, want hy werk met

verbondskinders oor wie later in verantwoordelikheid rekenskap gegee sal moet word of hulle Christosentries gelei en begelei is.

Die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing is in 1980 helder deur Heyns (1981 : 8) uitgespel. Hy het aangevoer dat die Christelike mensbeskouing die Christelik-religieuse grond=motief van skepping, sondeval en verlossing handhaaf. Hierdie grondmotief, volgens Heyns, beheers die "hart" van die mens. Die TO, wat in sy grondwet erken en bely dat die Heilige Skrif die diepste verborgenhede omtrent die wese en bestemming van die mens openbaar, kom by monde van Heyns tot die verdere gekwalifiseerde insig dat sy lede in hulle wese, in hulle "hart", aangegryp is deur die Drie-enige God van die Heilige Skrif.

Hierdie hartsgegrepenheid van die Christenopvoeder het hom nog deur al die jare gemotiveer om ook sy ideale in die lig van Gods Woord te verwesenlik. Eksteen (1980 : 6) het aangedui dat die TO-lid se ideale ingebed lê in die aanvaarding van die Woord van God as grondslag van sy strewe.

'n Belangwekkende referaat van prof. M. Swart (1981(a) : 21-26) is in 'n verkorte vorm in *Mondstuk* (Swart, 1981(b) : 1, 10) aange=haal, waarmee die lyfblad van die TO hom dus by implikasie vereen=selwig het met die wetenskaplik-afgeronde uiteensetting van wat Christelik in die begrip "Christelik-nasionaal" vir die Christen-Afrikaner beteken. Kortliks kom dit daarop neer dat hierdie *Christelik* in "Christelik-nasionaal" gebou is op Skriftuurlike, Calvinistiese inhoude, wat insluit die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Die Christen-Afrikaner (ook die TO-lid) is, konkludeer Swart, 'n gelowige, Woordgebonde protestant met die Bybel as wortel en grondmotief van die lewensopvatting, daarom is

God "die eerste en enigste hoofsaak, bron, gesag en Hy skep, oor=heers en onderhou die aarde" (ibid.). Elke mens (God-gelowige) moet in verantwoordelikheid antwoord op die roepstem van God, want Gods almag is soewerein oor die ganse kosmos.

Samevattend kan die volgende essensies oor die vertolking van die religieuse grondmotief van die TO deur genoemde segsmanne geïden=tifiseer word:

* Die TO bely dat alle dinge uit God, deur God en tot God is.

* Gods Woord belig die ganse werklikheid.

* Belydenis en lewenspraktyk vloei ineen.

* Christus bevry die mens van verabsolutering van enige werk=likheidsaspek.

* Christelike wetenskapsbeoefening van die opvoedkunde moet in die lig van die vraag: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" beoefen word.

* Dialogiese weerbaarheid en standpuntinname, gegrond op normatiewe keuses, word van elke TO-lid verwag.

* Christelikheid moet vir die Afrikaneronderwyser sentraal wees, omdat hy 'n geroepene is wat in verantwoordelikheid rekenskap van sy volvoerde taak sal moet gee.

* Die Christelike antropologie van die TO is gegrond op die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing.

* Alle ideale van die TO word vanuit 'n Skriftuurlike grondslag gestel en nagestreef.

* "Christelik" in die begrip "Christelik-nasionaal" beteken vir die TO dat Skriftuurlike en Calvinistiese inhoude die boustene daarvan uitmaak.

4.2.4.2.4 Die religieuse grondmotief van die TO werksaam in enkele van sy geskiedenishoogtepunte

In die bestudering van die werksaamheid van die religieuse grond=motief van die TO in enkele van sy geskiedenishoogtepunte is van die strategie van historiese oorsig gebruik gemaak (Van der Walt, 1980 : 77). Sekere belangrike hoogtepunte in die TO-geskiedenis is gekies.

Daar is besluit om die volgende vier sake in oënskou te neem:

* Die stigting van die TO
* Die TO en CNO
* Die TO en wet 39 van 1967
* Die TO en die Afrikaneronderwyskongres van 1982

Al vier genoemde sake is in besonderhede in Hoofstuk 3 beskrywe, daarom sal daar vervolgens slegs vasgestel word in watter mate die religieuse grondmotief van die TO as stukrag gedien het in die uitvoering van sy taak met betrekking tot dié vier komponente.

* Die stigting van die TO (vgl. Par. 3.3 en 4.2.4.1)

  Die stigting van die VVOOZA was 'n geloofsdaad van Christen-Afrikaneronderwysers wat hulle gemeenskaplike geloofsbely=denis wou proklameer, bevestig en uitbou. Daarom was hulle eerste grondwet (art. 2) primêr 'n bekendstelling aan die wêreld van dit waarin hulle geglo het, naamlik in die God

van die Heilige Skrif.

* Die TO en CNO (vgl. Par. 3.6.3)

Die TO (destyds die VVOOZA) het hom ten volle vereenselwig met die eertydse Christelik-nasionale onderwys soos dit duidelik blyk uit 'n artikel in *Het Christelijk Schoolblad* (Visscher, 1904 : 2) waarin hy die ouers aangespoor het tot die handhawing en uitbouing van CNO. Die feit dat die TO die ouers uitdruklik op hulle ouerlike roeping, naamlik dat hulle as primêre opvoeders van hulle verbondskinders moes toesien dat hulle kinders Christelike en Skrifgefundeerd opgevoed word, gewys het, lewer bewys daarvan dat die TO ook hierin gedryf is deur sy Christelik-religieuse grond=motief van skepping, sondeval en verlossing.

* Die TO en wet 39 van 1967 (vgl. Par. 3.11.2)

In sy amptelike mondstuk (Anon., 1968(a) : 30) het die TO die promulgering van wet 39 van 1967 met groot entoesiasme verwelkom. Die volgehoue vertoë van die TO, asook die welbekende standpunt (vgl. Par. 4.2.4.2.3) wat hy nog al die jare sedert sy ontstaan gehuldig het oor Christelike (en nasionale) onderwys, het belangrike bydraes gelewer tot die uiteindelike aanvaarding van hierdie wet. Die dankbaar=heid en ingenomenheid van die TO en al sy lede met die feit dat die Christelike karakter van die Blanke onderwys in die RSA wetlik bepaal en vasgelê is, spruit voort uit sy reli=gieuse ingesteldheid, naamlik: aan God alleen die eer.

* Die TO en die Afrikaneronderwyskongres van 1982 (vgl. Par. 3.11.7)

Die betekenisvolle aandeel wat die TO in die inisiëring, verloop en besluitnemingsfase van hierdie belangwekkende kongres geneem het, het gespruit uit sy innerlike bewoën=heid en besorgdheid oor die Christelik-nasionale opvoedende onderwys van veral die Afrikanerjeug. Die TO het hom vol=kome vereenselwig met die primêre dryfvere wat die gedra=ginge en besluite van hierdie kongres gekenmerk en voort=gestu het. Die onverhandelbaarheid van die Christelike karakter (soos vervat in Wet 39 van 1967) van die Blanke onderwys is deur die kongres met akklamasie, as besluit aanvaar en die TO het ná die kongres hierdie besluit verder openlik ondersteun in sy amptelike lyfblad (Anon., 1982 (b) : 1). Weer eens is in hierdie gebeurtenis die primêre dryfveer van die TO, naamlik tot eer van God en in diens van die naaste, helder identifiseerbaar.

## 4.3 LEWENSBESKOULIKE GRONDSLAE VAN DIE TO

### 4.3.1 Inleidende opmerkings

Volgens Van der Walt en Dekker (1982 : 154-164) het elke mens 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing of lewensopvatting. Hierdie besondere lewensopvatting is gegrond op die religieuse grondmotief wat op die hart van dié besondere mens beslag gelê het. 'n Lewensopvatting kan gegrond wees op 'n religieuse grondmotief wat weg van die God van die Heilige Skrif neig (apostaties), òf op 'n religieuse grondmotief wat die hart van die mens terugbind aan sy

ware God (anastaties).

Taljaard (1976 : 7-29) onderskei die volgende aspekte van 'n lewens=opvatting (i.c. lewens- en wêreldbeskouing):

* Elke mens in die wêreld het 'n bepaalde siening van die werklikheid.

* Die mens se hartsgegrepenheid en hartstoerusting ("it is a heart provided with a specific pair of spectacles with lenses of a peculiar colour" (op. cit.: 7)) bepaal sy werk=likheidsiening (i.c. lewens- en wêreldbeskouing).

* Die antwoord op die vraag: "Wat is die werklikheid?" kan slegs gegee word in die lig van Gods Openbaring in sy Woord, want hierdie antwoord "supply all Christians with polished lenses thus enabling them to view reality in a new light and to act accordingly, that is in such a way that their every action will prove that they accept the procla=mation of God's sovereignty over their lives, and their future life will be one of worship" (op. cit. : 9).

Hierdie lewensopvatting se primêre bodem (beginsels) bly onveran=derd, dog die uitingsvorme daarvan is dinamies. Die voortdurende vorming van die lewensopvatting, die feit dat dit nooit finaal is nie, is toe te skrywe aan die feit dat dit deel uitmaak van die lewende mens wat kultuurvormend, -werkend en roepingsvervullend die aarde in opdrag van God beheers, onderwerp en benoem.

'n Verdere kenmerk van 'n lewensopvatting is dat dit 'n gemeenskaps=oortuiging is, gegrond op die religieuse grondmotief van daardie gemeenskap. Gewoonlik vorm so 'n gemeenskap 'n hegte eenheid, en

die lede van daardie gemeenskap het ooreenstemmende kenmerke, by= voorbeeld dieselfde herkoms, 'n eie taal, 'n eie identiteit, en so meer.

Verderaan in hierdie paragraaf word bovermelde uiteensetting van wat 'n lewensopvatting is en hoe daar aan gestand gedoen word toe= gepas op die TO. Die TO is 'n vereniging wat bestaan uit 'n be= paalde groep mense wat op grond van gemeenskaplike eienskappe na mekaar toe gedryf is.* In Paragraaf 4.2.4.2 is aangetoon dat die Christelik-religieuse grondmotief van skepping, sondeval en ver= lossing die TO in sy ganse vergestalting en funksionering voort= gestu het. Die lewensopvatting van die TO (en daarom van sy lede) is gegrond op sy religieuse grondmotief, en dit word hoofsaaklik vergestalt in sy grondslae (soos vervat in sy grondwet en profes= sionele erekode, vergelyk Bylae 1 en 2) asook in sy figurering, funksionering en handelinge op verskeie lewensvlakke. Die lewens= beskoulike grondslae van die TO word vervolgens geïdentifiseer en geëvalueer.

### 4.3.2 Die Godsbeskouing van die TO

In Paragraaf 4.2.4.2 is aangetoon dat die religieuse grond= motief van skepping, sondeval en verlossing die TO sedert sy stig= ting voortgestu en gedra het. Hierdie Christelik-religieuse grondmotief het sy wortels in Gods Heilige Skrif. Die TO aanvaar dus die Drie-enige God van die Bybel as die Skepper en Onderhouer

---

*Vergelyk Paragraaf 3.3. Die lede van die TO se gemeenskaplike eienskappe is byvoorbeeld hulle Afrikaanse taal, 'n eie geskiede= nis, almal is Transvaalse onderwysers en almal wil hul identiteit handhaaf en uitbou.

van alle dinge. Die TO huldig 'n teïstiese en teosentriese (God in die sentrum) Godsbeskouing en sy religie is anastaties (vgl. Van der Walt en Dekker, 1982 : 2). Artikel II A van die TO-grondwet aanvaar en erken die Woord van God as sy grondslag en Artikel II C erken dat onderwys en opvoeding vir die TO-lid *Christelik* en nasionaal moet wees. Die Godsbeskouing van die TO plaas dus verder primêre nadruk op die verlossende werk van Christus (Christosentries). Alle opvoedende onderwys moet deur Christus ("Christelik") in diens van God wees. In watter mate hierdie Godsbeskouing van die TO vertolk is deur sy lede, is in Paragraaf 4.2.4.2.3 aangetoon.

4.3.3 Die werklikheidsbeskouing van die TO

Die kenbare werklikheid openbaar hom in vier struktuurmo=mente, naamlik die individuele, die modale, die temporele en die religieuse struktuurmoment van die werklikheid (Van der Walt en Dekker, 1982 : 36-57; Schoeman, 1979 : 3-9; Vermeulen, 1971 : 23-46; Strauss, 1978(b) : 12-26; Dooyeweerd I, 1969 : 100-104). Hierdie totale geskape werklikheid in elke onderdeel daarvan is aan God se wil (wette) onderworpe en aan Hom onderdanig.

Die uniekheid van die verskeidenheid geskape dinge, elk met 'n eie struktuur en eie wette, waar die een van die ander onderskei kan word, vorm die individuele struktuurmoment van die werklikheid. "Dit" is nie "dat" nie.

Die modale struktuurmoment openbaar hom in vyftien modaliteite met elkeen 'n sinkern of 'n wetskern wat daardie wetskring kwalifiseer. Die geskape dinge verskil ook ten opsigte van hul bestaanswyses,


Die "dit" kan dus "sus" of "so" wees.* Elke bepaalde geskape en= titeit het 'n besondere struktuur, met 'n funderingsfunksie en 'n bestemmingsfunksie wat hom in sy bestaanswyse anders maak as die ander entiteite.

Die bestaan van alle dinge is verder, as 'n derde struktuurmoment, deur temporaliteit, tydsheid bepaal (Spier, 1950 : 57). God het saam met die kosmos tyd geskape, daarom is die skepping onderworpe aan tyd. Die wil van God bepaal en beheers tyd, maar die mens as heerser oor God se skepping, funksioneer tydsgebonde, byvoor= beeld in sy denkproses (die analitiese modaliteit) is daar 'n lo= giese volgorde.

Die totale geskape werklikheid is deur God in aansyn geroep en word nog deur hom in stand gehou en verder gerig en bestier. Die mens, die kroon van God se skepping, het in sonde geval, maar deur die soenverdienste van Christus en deur die genadewerking van die Heilige Gees word hy, en die ganse skepping, verlos. Daar kan dus gekonstateer word dat die hartsgegrepenheid van die mens sy ganse visie van die kosmos (sal) bepaal. Skematies kan die vier struktuurmomente van die werklikheid soos volg voorgestel word:

---

*Vir 'n volledige uiteensetting van die vyftien modaliteite word verwys na Van der Walt en Dekker, 1982 : 43-45 en Strauss, 1978(b) : 12-26.




FIGUUR 4.2 STRUKTUURMOMENTE VAN DIE WERKLIKHEID

Uit bogenoemde uiteensetting volg dit nou dat God die Skepper van hemel en aarde (die ganse kosmos) in al sy wonderlike verskeiden=heid is. Die onderskeie geskape dinge openbaar hulle op verskil=lende wyses, deur die dimensie van tyd. Hierdie werklikheid word beheers, onderwerp en benoem deur die mens, wie se hart religieus teruggebind word aan sy Skepper (die Godgelowige) of aan 'n afgod (die nie-Godgelowige).

Die werklikheid openbaar hom in die individualiteite van materie, plant, dier en mens. Die mens as individu, maar ook in sy same=lewingsverband, het in hom saamgetrek al vier die struktuurmomente van die werklikheid. Die ontsluiting van die normatiewe aktstruk=tuur van die mens (dit wat hom onderskei van materie, plant en dier) vorm deel van die taak wat die TO op hom geneem het. Die TO is deel van God se geskape werklikheid (kosmos) en as sodanig open=baar hy ook al vier die struktuurmomente van die werklikheid. In sy ontstaan, wese en bestemming figureer hy in verantwoordelikheid en by implikasie huldig hy 'n Christelike werklikheidsbeskouing (vgl. TO grondwet, Bylaag 1, Artikel II A-C en die Professionele Erereëls van die TO, Bylaag 2, A 1-3).

Die Godsbeskouing (vgl. Par. 4.3.2) en die mensbeskouing (vgl. Par. 4.3.4) van die TO staaf verder die bewering dat die TO by implikasie 'n Christelike werklikheidsbeskouing huldig, want hy erken die God van die Heilige Skrif as die skepper van die ganse kosmos. Die mens sien hy as gebroke maar herskape skepsel van God wat in verantwoordelikheid oor die werklikheid moet heers.

### 4.3.4 Die mensbeskouing van die TO

In die TO-grondwet lê 'n besondere mensbeskouing implisiet

verskuil. Verskeie TO-lede het al in die verlede doelbewus, on=bewus of selfs terloops met bepaalde mensbeskouings vorendag gekom. In hierdie paragraaf word eers 'n kernagtige opgaaf verstrek van wat 'n Christelike antropologie behels, waarna die TO se mensbe=skouing, soos dit onder woorde gebring is deur sommige van sy lede en soos vergestalt in sy Grondwet en Erekode (vgl. Bylae 1 en 2), geïdentifiseer sal word. Hierdie mensbeskouing soos dit deur die TO gehuldig word, sal vervolgens in die lig van die Christelike mensbeskouing geëvalueer word. Ten slotte sal 'n poging aangewend word om te bepaal of die mensbeskouing van die TO suiwer op sy Christelik-religieuse grondmotief van skepping, sondeval en ver=lossing gegrond is.

'n Christelike mensbeskouing, soos gegrond op die Christelik-reli=gieuse grondmotief, sien soos volg daaruit:

* Die mens is oorspronklik na die Beeld van God geskape, in ware geregtigheid en heiligheid om in verantwoordelikheid hierdie skepping te beheers, te onderwerp en te benoem.

* Maar die mens het in sonde geval deur sy ongehoorsaamheid aan die bevel van God, en sodoende die ganse mensegeslag en die hele skepping onderwerp aan die vloek van die sonde.

* Christus, die Seun van God, het die gestalte van 'n mens aangeneem en in die plek van die gevalle mens versoening gedoen vir sy sonde.

* Sodoende is daar verlossing vir die sondaarmens voor God bewerkstellig en deur die genadewerking van die Heilige Gees kan die mens weer in 'n staat van regtheid voor God verskyn om Hom uit dankbaarheid te loof en te prys.

* Nogtans moet die mens van hierdie bedeling steeds stry teen sy sondige natuur en selfs die skepping is nog nie finaal ontruk aan die mag van Satan nie.

Vervolgens enkele verdere fasette van 'n Christelike mensbeskouing: Schoeman (1979 : 132-134) ontmasker die dualistiese standpunt dat die mens uit liggaam en siel afsonderlik bestaan, want "die erken= ning van die onverbreeklikheid (resp. "éénheid") van die menslike eksistensie in die tyd, dit wat Spier omskryf as 'be-sielde' lig= gaam of 'be-liggaamde' siel soos in die reformatoriese benadering, bied 'n bevrydende perspektief op die mens in sowel die pedagogiese as die andragogiese situasie". Die Christelike antropologie erken dus die mens in sy totaliteit, ook al kan al die struktuurmomente van die werklikheid in sy vergestalting onderskei word (vgl. ook Coetzee, 1953 : 292).

Schoeman (1979 : 134 e.v.) onderskei verder die volgende kernas= pekte van 'n reformatoriese antropologie:

* Die mens moet kom tot 'n ware selfkennis vir sover dit sy oorsprong, wese en bestemming betref. Die mens as geskape beeld van sy Skepper is geroepe "om in volle norm-gehoor= saamheid (resp. wetsgehoorsaamheid) te arbei aan die God= welgevallige sin-verdieping (resp. ontsluiting) van die geskape werklikheid wat sy bestemming in die mens, en deur die mens in God vind" (op. cit. : 137).

* Die "hart" van die mens moet teruggebind word aan God, want die mens is skepsel van God en vind sy sin in Hom.

* Die ganse menslike wyse van bestaan is sinvol (positief of negatief) en nie net byvoorbeeld die einddoel of die

hiernamaals nie.

* Die mens het in hierdie tyd 'n aards-tydelike gestalte, maar die siel of selfheid van die mens staan in hierdie tydelike bedeling nooit los van die temporele persoonlikheidsge= stalte van die mens nie.

* Die vier menslike liggaamstrukture (die fisies-chemiese, die vegetatief-biotiese, die psigiese en die aktstruktuur) bestaan nooit onafhanklik van mekaar nie en kan hoogstens onderskei word in hulle vorm-gebonde vervlegting met mekaar.

Van der Walt en Dekker (1982 : 66 e.v.) onderskei nog enkele verdere komponente van 'n Christelike antropologie. Volgens hulle het elke mens 'n eie identiteit, elke mens is 'n unieke, individuele wese wat in sy naastediens tot eer van God moet lewe en werk. Hieruit vloei verder voort dat elke mens van God deur God geroepe is, toe= rekenbaar is en in verantwoordelikheid antwoord moet gee op Gods roepstem. Die Christelike siening dat die mens 'n totaliteit is, meer as die somtotaal van al sy funksies, verhoed dat 'n enkele modaliteit of substraat verabsoluteer word. Vermeulen (1971 : 57) toon aan dat daar "integrasie van strukture tot 'n persoonlikheids= eenheid (is), wat ten slotte 'n interne struktuurgerigtheid (die gesteldheid van die hart) ten diepste as wortel het". Ten slotte kan nog bygevoeg word dat die mens in diens van God is in sy hande= linge, vervaardiginge en werkinge (Dooyeweerd, 1969, III : 783).

Saamgevat kom hierdie kursoriese weergawe van 'n Christelike antro= pologie op die volgende essensies neer:

Die mens is —

* beeld van God
* aan die sonde onderworpe
* versoen in Christus
* geroepe om teen die magte van die Bose te stry
* 'n eenheidswese (totaliteit)
* selfkenner vir sover dit sy oorsprong, wese en bestemming aangaan
* hartsgegrepene (ana- of apostaties)
* aards-tyds met 'n ewigheidsbestemming
* 'n vormgebonde vervlegting (eenheid) van die vier liggaam=strukture
* unieke wese in sy individualiteit
* in diens van sy naaste
* geroepene, verantwoordelik en toerekenbaar
* handelend, werkend en vervaardigend.

Die Grondwet (art. II A) van die TO spel vir die kritiese leser 'n Christelike antropologie uit, want die TO erken dat die Skrif die diepste verborgenhede van die wese en bestemming van die mens open=baar. Hierdie beginselgrondslag van die TO het sterk (leidend) ge=durende sy geskiedenis gefunksioneer, en in watter mate dit op die mensbeskouing van die TO 'n invloed gehad het, sal vervolgens vas=gestel word.

Prof. J. Chris Coetzee, 'n hooggeagte TO-lid en -leier, het reeds in 1966 in *Onderwysblad* (p. 442-443) met sy uiteensetting van die doelstelling van opvoeding 'n baie duidelike en skerp mensbeskouing, wat op die volgende neerkom, uiteengesit:

* Ouers ontvang van die Here 'n klein, onvolwasse, afhanklike, hulpbehoewende kindjie en hierdie kind moet deur die geroepe

ouers versorg word, want hulle het die opdrag van God ont=vang om hom te versorg, om hom volwasse, onafhanklik en selfstandig te maak.

* Die kind moet na liggaam en gees, 'n twee-eenheid, grootge=maak word.

* Coetzee grond hierdie sienswyse van hom op II Timótheüs 3: 16 en 17: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwy=sing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus".

* "Volkome toegerus" veronderstel heilig wees soos God, vol waarheid, geregtigheid en heiligheid.

* Hierdie toerusting geskied nie ter wille van eie eer nie, maar met die uiteindelike doel om in dankbaarheid goeie werke tot Gods eer te verrig.

* Coetzee roep alle TO-lede op om die kinders (leerlinge) wat aan hulle sorg toevertrou is, in roepingsbewustheid vol=kome toe te rus tot verantwoordelike beheersing van die skepping. Hierdie omhoogleiding van die opvoedeling "mag ons nooit in ons skoolwerk, selfs in die kleinste besonder=heid daarvan, vergeet, verwaarloos, verontagsaam nie" (op. cit. : 443).

Uit bogenoemde uiteensetting kan die volgende afleidings met be=trekking tot die TO se mensbeskouing alreeds gemaak word:

- Die *kind* is 'n skepsel van God wat deur roepingsbewuste ouers (en onderwysers) tot eer van God opgevoed moet word.

- Die *ouers en onderwysers* voed die kinders in opdrag, in verantwoordelikheid, nie slegs teenoor die mens self nie, maar primêr in diens van God, op.

- Die mens is dus *opvoedingsvatbaar*, die kind moet begelei en ontsluit word deur ŉ begeleier, uit homself is hy nie daar= toe in staat nie.

- Die mens is ŉ *liggaam-siel-eenheid* en moet as sodanig opge= voed word.

Heyns (1981 : 8) lig ŉ verdere faset van die TO se mensbeskouing uit as hy daarop wys dat die opvoeder alle mense as gelykwaardig aanvaar, maar na aanleiding van die individualiteitstruktuur van die mens, nie as gelyk nie. Hierdie faset van die mensbeskouing van die TO vorm die grondslag van sy standpunt dat elke onderwys= stelsel in Suid-Afrika in ooreenstemming met die kultuurrol en historiese modaliteit van elke afsonderlike volk moet materialiseer en aldus gedifferensieerd moet funksioneer. Sodoende, aldus Heyns, kan opvoedende onderwys spanningsvry binne die verband van die volkseie en kultuureie verloop.

Dat die mens met ŉ kultuuropdrag hier op die aarde deur God geplaas is, word in fyner besonderhede deur Landman (1980(a) : 1-21) uit= gestippel. Hy grond sy uiteensetting op Romeine 1:1, 6 en 7: "Paulus, ŉ dienskneg van Jesus Christus, ŉ geroepe apostel, afge= sonder tot die evangelie van God — ... onder wie julle ook is, geroepenes van Jesus Christus — aan al die geliefdes van God, ge= roepe heiliges wat in Rome is: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!". Die Christenonderwyser (i.c. TO-lid) is ŉ geroepene van God, wat geroepe is tot deskun=

dige opvoedende onderwys deur eerlike werk, goedingeligtheid en voortdurende ontwikkeling. Hierdie klem op die onderwyser as ge=roepene kom ook voor in die Professionele Erereëls van die TO in dié woorde: "Ons glo dat die onderwyser geroepe is tot positiewe karaktervorming by die jeug" (vgl. Bylaag 2 - Erereëls). Voorts wys Landman daarop dat die onderwyser geroepe is tot die verwerk=liking van 'n doeltreffende lesverloop, sodat die kind onder sy leiding 'n nuttige en selfstandige burger van die staat sal word. Die onderwyser is ook geroepe tot die uitbouing van die eie (Cal=vinistiese) lewensopvatting, aangesien die TO se primêre stukrag, sy religieuse grondmotief gesetel is in Gods Woord. Die onderwyser moet die Christelikheid toereikend voorlewe en verduidelik, sodat die kind wat hom geredelik identifiseer met die volwasse leier, dit deel kan maak van sy eie lewenspatroon en -opvatting. Die kind "moet deur die voorbeeld wat die onderwyser stel gehelp word om in 'n steeds toenemende mate die Bybelse lewensopvatting te ken, te verdedig en toe te pas op sy wyse van lewe" (Landman, 1980(a) : 23).

Die kind se waardigheid as skepsel van God word, volgens Landman, benadruk in reëls B1, B3, B4 en C4 van die Professionele Erereëls van die TO (Bylaag 2 - Erereëls), want hierdie bepaalde reëls handel oor die kind en die TO-lid se geroepenheid in sy taak as opvoeden=de onderwyser. Die onderwyser moet toesien dat elke kind 'n bil=like kans in die lewe kry deur liefdevolle, grootmoedige en reg=verdige leiding. Die onderwyser moet as Goddelike geroepene ant=woord gee op die steunbehoewende verbondskind.

Uit voorgaande uiteensettinge van Coetzee,* Heyns en Landman kan

*Die volgende persone het ook in die amptelike lyfblad van die TO bepaalde van bogenoemde aspekte van 'n Christelike antropologie in hulle geskrifte (i.c. artikels) uiteengesit en onderskryf: Fleischman, 1965 : 501-507; Bingle, 1962 : 73-79 en Swart, 1981 (a) : 1, 10.

die volgende essensies van die TO se mensbeskouing nou geïdenti=
fiseer word:

* Die mens is deur God geskape as die kroon van sy Skepping, het in sonde geval en is verlos deur Christus.

* Die mens moet in verantwoordelikheid as geroepene Gods skepping beheers, onderwerp en benoem.

* Gelowige ouers, onderwysers en kinders is almal Gods ver=
bondskinders, daarom verlostes in Christus deur die werking van die Heilige Gees.

* Ouers ontvang kinders as 'n genadegawe van God.

* Ouers en onderwysers moet die kinders voorlewe, sodat die kinders hulle met vertroue kan nalewe.

* Die mens is 'n liggaam-siel-eenheid.

* Mense is gelykwaardig maar nie gelyk nie.

Die antropologie van die TO is dus volgens alle beskikbare dokumen=
têre getuienis Skrifgefundeer, en gemeet aan die wesenstrekke van 'n Christelike antropologie soos deur Schoeman, Coetzee, Vermeulen en Van der Walt en Dekker geïdentifiseer (vgl. p.167), handhaaf die TO 'n suiwere Christelik-religieus gefundeerde mensbeskouing.

4.3.5 Die epistemologie (kenteorie of kenleer) van die TO

Die kenteorie of epistemologie is die teorie of leer oor die oorsprong, wese, norme en grense van kennis (Van Wyk, 1979 : 3). 'n Kenteorie moet gegrond wees op die kosmologie (vgl. Par. 4.3.3)

en 'n antropologie (vgl. Par. 4.3.4). In die kenaktiwiteit van die mens staan hy in 'n religieuse verhouding tot sy Skepper (vgl. die Godsbeskouing, Par. 4.3.2) wat vir die Skrifgelowige gehoor=saamheid aan die sentrale liefdeswet impliseer (Van der Westhuizen, 1978 : 3). Dekker (1975 : 1) vertolk epistemologie onder andere as 'n besinning oor die vraagstuk: "hoe kom die mens tot kennis en hoe kan hy weet dat hy weet? Die betekenis van 'kennis', die wese van die waarheid, moet bestudeer word". In Spreuke 1:7 word die beginsels van 'n Christelike epistemologie duidelik uitgespel, naamlik: "Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis; ...".

In die TO-grondwet bely die TO in sy Grondbeginsels (art. II A) dat hy die Woord van God as sy grondslag aanvaar. Verder bepaal die Grondwet (art. II C) dat alle onderwys en opvoeding deur die TO-lid Christelik en nasionaal moet wees. By implikasie erken die TO dus dat die oorsprong, wese, norme en grense van alle kennis in die lig van God se Woord benader moet word.

Bepaalde standpunte en handelinge van die TO in sy geskiedenis lewer bewys daarvan dat hy 'n Christelike epistemologie bepleit het en nog steeds bevorder. So het die TO byvoorbeeld in 1910 daarin geslaag om 'n sillabus vir Bybelgeskiedenis in die Trans=vaalse skole erken te kry (vgl. Hoofstuk 3, Par. 3.7). In 1966 het Coetzee (1966 : 442-443) alle TO-lede opgeskerp om in al hulle skoolwerk nooit te vergeet dat hulle met die omhoogleiding (na God toe) van die opvoedelinge besig is nie.

4.3.6 Die samelewingsbeskouing van die TO

Enkele samelewingsverbande waarmee die TO ten nouste saam=

gewerk het in sy geskiedenis, kom in hierdie paragraaf in die visier. In watter mate daar noue samewerking tussen die TO en die Afrikanervolk in sy geheel was, is oorsigtelik behandel in Hoof=stuk 3. Die samelewingsverbande wat ter sprake is, is die kerk, die ouerhuis, die skool, die staat en maatskaplike organisasies in die algemeen.

Die kerk is 'n gemeenskap van gelowiges, daarom is sy primêre funk=sie om sy lidmate se geloof in God-Drie-enig te versterk. Waar die kerk toesien dat verbondskinders kategese in ooreenstemming met sy belydenisskrifte ontvang, erken die TO hierdie opvoedings=taak van die kerk in sy Professionele Erereëls (C1) wat lui: "Ons glo in die waarde van ... kerklike opvoeding en in noue samewerking tussen skool, ... en kerk".

Die ouerhuis is dié samelewingsverband waarmee die nuwe mensie heel eerste kennis maak. Die normale ouerhuis het 'n biotiese funde=ringsfunksie en 'n etiese bestemmingsfunksie, want liefdesorg tot volwasseleiding en omhoogleiding is die primêre (opvoedings)taak van die ouers. Tereg beweer Van der Walt en Dekker (1982 : 79 e.v.) dat die opvoeding van die kinders binne 'n gesin 'n unieke, onher=leibare innerlike aard vertoon, want by alle ander vorme van op=voeding ontbreek die basiese ouer-kindverhouding en -band. Die TO sluit aan by hierdie sienswyse, want sy Professionele Erereëls (C1) bepaal weer eens dat hy "glo in die waarde van huislike ... opvoeding en 'n noue samewerking tussen skool (en) huis".

Net soos die kerk en die ouerhuis, is die skool ook 'n instelling van God wat daar gestel is tot die beswil van die kind, sodat sy vermoëns tot Gods eer ontsluit kan word. Die skool het ook, soos die kerk en ouerhuis, sy unieke individualiteitstruktuur met 'n

bepaalde soewereiniteit in eie kring (Schoeman, 1979 : 112). Die funderingsfunksie van die skool is om kultuur te vorm (historiese modaliteit), terwyl sy bestemming lê in die didaktiese terrein met die klem op die ontsluiting van die rede van die leerling (die analities-logiese modaliteit) (Van der Walt en Dekker 1982 : 83; Van der Walt, 1982(b) : 1972). Al die ander modaliteite van die kind word egter ook deur middel van opvoedende onderwys deur die skool ontsluit en begelei tot volwassewording van die mens — in diens van God.

Die TO, wat hoofsaaklik ingestel is op diens aan sy lede, figureer ook as kultuurorganisasie ten opsigte van verskeie samelewingsverbande, waarvan die skool een van die belangrikstes is. Die TO erken die soewereiniteit van die skool in eie kring in sy Professionele Erereëls (C1), waar hy verklaar dat die TO glo dat daar noue samewerking moet wees tussen die skool, kerk en huis. Hierdie drie samelewingsverbande word dus ten volle erken as afsonderlike selfstandige strukture — maar noue onderlinge samewerking word as ŉ vereiste deur die TO gestel. Die noue verband wat ouerhuis en skool behoort te vorm, sodat verbondskinders nie in konfliksituasies mag beland as gevolg van uiteenlopende opvoedingsdoelstellings nie, word duidelik deur die TO uitgespel in sy Professionele Erereëls (C2 en 3):

* "Ons glo dat ŉ skool die gees van ŉ fatsoenlike huislike lewe moet weerspieël".

* "Ons glo in moedertaalonderwys wat gegee word in ŉ skool waar elke kind opgevoed kan word volgens die eenheidsbeskouing van ouers betreffende ŉ Christelik-maatskaplike lewe".

Die staat is, op grond van die beginsel van juridiese kompetensie, die hoogste gesag in die volkshuishouding. God, die oorsprong van alle gesag, beklee die staat met mag en alle onderdane moet so 'n Godgehoorsame owerheid onderdanig wees (Schoeman, 1979 : 114). Staatsgesag oor die onderwys en onderwyssake is nie absolute gesag nie — dit bly steeds relatiewe gesag onder die absolute soewe= reiniteit van God (Schoeman, 1978(a) : 120). Die staat moet sy gesag in verantwoordelikheid, ter beskerming van die regsbelange van die burgery (waaronder ook opvoedingsaangeleenthede) uitoefen (Van der Walt en Van der Walt, 1980 : 99). Die TO se uitgesproke belydenis ten opsigte van sy verhouding met die staat word duidelik uitge= spel in sy Professionele Erereëls (B2 en F):

* "Ons glo dat 'n kind vatbaar is vir goeie indrukke en dat hy die vermoë besit om onder leiding tot 'n nuttige en self= standige burger van die Staat te ontwikkel".

* "Verpligting teenoor Owerhede
  Ons glo in 'n goeie verhouding tussen die onderwyserskorps en liggame en persone wat beheer oor onderwyssake het".

Die TO erken dus die gesag van die staat en moedig sy lede aan om in hulle roepingsvervullende taak gehoorsame en nuttige burgers vir die staat te lewer, terwyl 'n goeie verhouding tussen die TO-lede en die owerheid voorgestaan word. Dit impliseer nie slaafse navolging en onderdanigheid nie, want telkens in die verlede (vgl. Hoofstuk 3) was die TO bereid om te veg vir die belange van sy lede waar daar sprake van onregverdige behandeling was. Die TO was nog nooit 'n voorstander van stakings en rewolusionêre beding= ingsmetodes nie, 'n standpunt wat voortvloei uit sy prinsipiële gesagsbeskouing wat gegrond is op Gods Woord.

Die TO respekteer en erken dus die kerk, die ouerhuis, die skool en die staat as selfstandige samelewingsverbande, elk met sy eie struktuur-, funderings- en bestemmingsfunksie. Noue samewerking en wedersydse positiewe beïnvloeding in ooreenstemming met gemeen=skaplike vertrekpunte en doeleindes word ook sterk voorgestaan deur die TO.

4.3.7 Die etiek van die TO

Die ontsluiting van die etiese modale funksie van die mens is een van die hoogste prioriteite van die TO as diensorganisasie. Die etiese modaliteit (waarvan die sinkern liefdesorg is) figureer sterk by die dienslewering van die TO aan sy lede (vgl. Hoofstukke 3 en 6).

Die etiese funksie van die TO vind sy uitdrukking in die getrou=heid van die lede aan mekaar en hulle liefde vir mekaar op grond van gemeenskaplike beginsels en ooreenstemmende uiteindelike doel=stellings. Die etiese kode van die TO, nie net ten opsigte van die optrede van die lede onderling nie, maar ook ten opsigte van hulle (die lede se) verhouding teenoor volkstradisies, die kind, die ouers en die samelewing, die onderwysprofessie en kollegas en die owerhede word bewoord in die *Professionele Erereëls van die TO* (kyk Bylaag 2).

Die etiek van die TO vorm deel van sy omvattende siening van die werklikheid, is deel van sy lewensopvatting wat Skrifgefundeer is, daarom 'n ewewigtige etiek, gevrywaar van verabsoluterings soos by=voorbeeld om menseliefde en naastediens as sodanig (d.i. humanisme) primêr te stel.

Dat die etiek van die TO Skrifgefundeer is, blyk duidelik uit Artikel II A van sy Grondwet en uit Bepaling A1 van sy Professio=nele Erereëls. Bepaling A1 van sy Erereëls stipuleer dat die TO glo dat die diepste verborgenhede omtrent die wese en bestemming van die mens in die Heilige Skrif geopenbaar is en aanvaar die Woord van God as die grondslag van sy strewe. Gegrond hierop moet die TO naastediens lewer, die *horisontale* liefdesverhouding (mens teenoor mens) word vir die lede gerig en bepaal deur die *vertikale* liefdesverhouding (God teenoor mens en andersom).

### 4.3.8 Die nasionale grondslag van die TO

#### 4.3.8.1 Inleidende opmerkings

Die TO het sedert sy ontstaan tot op die huidige tydstip deel gevorm van die kultuurhistoriese ontwikkeling van die Afri=kanervolk (vgl. Hoofstuk 3). In watter mate die TO die nasionale strewe van die Afrikanervolk ook sy strewe gemaak het en in hoe=verre hy dit beleef en uitgeleef het, sal in hierdie paragraaf on=dersoek word. (Die TO se verhouding met die staat is in Par. 4.3.6 behandel.)

Eerstens sal nagegaan word watter plek die nasionale inneem in die grondslae van die TO, waarna die rol van die TO in die geskiedenis van Transvaal ondersoek sal word. Ten slotte sal enkele uitsprake en besluite van die TO wat op die nasionale grondslag betrekking het, aan die orde kom.*

---

*Opmerking. 'n Kunsmatige skeiding van die Christelike en nasionale komponente van die TO-grondslag word voorlopig gemaak, want of die TO self hulle ooit iewers los van mekaar sien funksioneer het, kon nie vasgestel word nie.

4.3.8.2 Die nasionale in die TO-grondwet

Die *TO-grondwet* (art. II C) verleen, reeds sedert die stigting van die TO, prominente plek aan die nasionale beginsel. In die vermelde artikel erken die Vereniging dat "onderwys en op= voeding Christelike en nasionaal is". Hierdie nasionale beginsel word verder gekwalifiseer in sy Professionele Erereëls (A2) wat gegrond is op die Grondwet van die TO. Die nasionale beginsel en strewe van die TO behels, soos afgelei kan word uit die erereëls, 'n liefde vir die Afrikanervolkstradisies, vir die eie Godsdiens, taal en geskiedenis (Professionele Erereëls A-F).

4.3.8.3 Historiese perspektief (vgl. Hoofstuk 3)

Daar is in Paragraaf 4.2.4.2.4 aangetoon hoe die reli= gieuse grondmotief werksaam was in enkele hoogtepunte van die geskiedenis van die TO. Hierdie hoogtepunte, naamlik:

* die stigting van die TO,
* die TO en CNO,
* die TO en Wet 39 van 1967, en
* die TO en die Afrikaneronderwyskongres van 1982

sal ook nou weer vir die ondersoek geneem word, maar dit sal van= uit die gesigspunt van die "nasionale" bekyk word.

* Die stigting van die TO (vgl. Par. 3.3)

Op die stigtingsvergadering van die TO het die konferensie= gangers 'n omskrywing van die woord *Nasionaal* in die te goed= gekeurde grondwet verlang. J.L. Moerdijk het die betekenis gegee as duidende op "de wordingshistorie en de eenheid van

het volk in taal en afstamming" (Van Bruggen, 1918 : 12). Uit die Afrikanervolksgeskiedenis is dit aangetoon dat die VVOOZA onder andere tot stand gekom het om die Afrikaner=onderwysers te verenig rondom volkseie beginsels en ideale, sodat hulle mekaar kon sterk in die uitbou van hulle volks=ideale en in die weerstand wat hulle teen die volksvreemde elemente moes bied (vgl. Par. 3.4).

* Die TO en CNO (vgl. Par. 3.6.3)

  Die TO het, in sy ondersteuning van CNO, bewys gelewer dat sy nasionale grondbeginsel vir hom erns was. In *Het Christelijk Schoolblad* van 1 November 1904 (p.1) het die TO (destyds die VVOOZA) sy standpunt, veral met betrekking tot die behoud en uitbouing van 'n eie volksidentiteit (na=sionalisme), duidelik gestel, naamlik dat die skool moet aansluit by die ouerlike opvoeding en dat beide ouers en onderwysers (TO-lede) reg moes laat geskied aan die eie taal, godsdiens en geskiedenis.

* Die TO en die *Wet op die Nasionale Onderwysbeleid*, 1967 (vgl. Par. 3.11.2)

  Die nasionale beginsels, naamlik die nasionale inslag van opvoedende onderwys, moedertaalonderwys en ouerseggenskap kom almal tot hul reg in die bepalings van *Wet 39 van 1967*. Die TO het hom sedert sy stigting vir hierdie beginsels be=ywer, daarom is sy ingenomenheid en dankbaarheid vir hier=die wet te begrype.

* Die TO en die Afrikaneronderwyskongres van 1982 (vgl. Par. 3.11.7)

  Die *Verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die Ondersoek na Onderwysvoorsiening in die RSA*, 1981, het met ingrypende aanbevelings gekom wat ook die nasionale karakter van opvoedende onderwys in Suid-Afrika, veral van verskillende bevolkingsgroepe, kwalifiseer. 'n Landwye kon= gres, waarby soveel moontlik Afrikaanssprekendes betrek is, is gereël. Op hierdie kongres is die *Verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die Ondersoek na On= derwysvoorsiening in die RSA*, 1981, krities ontleed en be= spreek en bepaalde aanbevelings is gemaak. Die TO was ten nouste betrokke by die inisiëring en reëling van hierdie kongres, (vgl. Par. 3.11.7.2), hy het 'n groot aandeel gehad in die kongresverrigtinge self (vgl. Par. 3.11.7.3) en uit= eindelik het hy hom nie net volkome vereenselwig met die besluite van die kongres rakende onder andere die nasio= nale karakter van onderwysvoorsiening in die RSA nie, maar die TO het ook in bepaalde opsigte leiding geneem met die besluitneming. So byvoorbeeld het die TO die kongresbe= sluite wat voortgesette ouerseggenskap in opvoedende onder= wys, moedertaalonderrig en opvoeding in die gees en milieu van sy kulturele erfenis voorgestaan het, heelhartig onder= steun en in sy lyfblad gepubliseer (Anon., 1982(b) : 1).

Uit bogenoemde vier voorbeelde is dit duidelik dat die nasionale grondslag nie net in die TO-grondwet vasgelê is nie, maar dat dit ook deur sy geskiedenis as stukrag vir bepaalde optredes gedien het. Die TO is en was 'n organisasie vír die Afrikanervolk maar

ook uit die Afrikanervolk.

4.3.8.4 <u>Die TO se vertolking van die nasionale</u>

Ten opsigte van die interpretasie van die nasionale was daar al in die verlede verskeie uitsprake en verklarings deur die TO gelewer. Al die verskillende interpretasies sedert die stig= ting van die TO kulmineer in die prinsipieel suiwer verantwoorde vertolkings van professore W.A. Landman en M. Swart. Landman is 'n TO-hoofbestuurslid en sy uiteensetting, wat deur die TO bevestig is (1980(b) : 7 en Transvaalse Onderwysersvereniging, 1980) kan as formele TO-standpunt aanvaar word. 'n Belangwekkende artikel oor CNO van Swart (1981(a) : 21-26) is in 'n geredigeerde vorm, met uit= sluitlike positiewe kommentaar deur die TO, in *Mondstuk* (Swart, 1981(b) : 1, 10) gepubliseer — wat daarop dui dat die TO hierdie uiteensetting van Swart sonder voorbehoud aanvaar en onderskryf. Weer eens moet benadruk word dat ook hierdie twee verklaarders die Christelike steeds as die voedingsbodem, die wortel van die nasio= nale sien en dat hulle herhaaldelik daarop wys dat geen skeiding van die begrippe moontlik of regverdigbaar is nie; daar kan hoog= stens tussen hulle onderskei word.

Swart wys daarop dat die nasionale as 'n gawe van God beskerm moet word. Nasionalisme is deel van Christelike gedrag, terwyl impe= rialisme en volksmeerderwaardigheid as onchristelik afgewys moet word. Die Afrikaner se nasionalisme sluit in sy handhawing en uit= bouing van sy eie identiteit, taal, roepingsbewussyn, vryheidsbe= grip, geskiedenis, Blanke afkoms, politieke demokrasie en die be= skerming van sy immer-bedreigde bestaan, terwyl sy Bybelverbondenheid steeds primêr moet bly. Swart waarsku verder teen 'n ongefundeerde nasio=

nalisme met al sy gevare van selfgenoegsaamheid en nasieskap ten koste van volksbinding.

Swart (1981(a) : 21-26) kwalifiseer Afrikaner-nasionalisme verder as:

* iets tipies van die Afrikaner
* 'n begrip wat nie ander kulture, state of volke as minder= waardig beskou nie
* 'n standpunt wat geen selfverheffing duld nie
* 'n lewensopvatting wat isolement afkeur en hom distansieer van enige vorm van selfverabsolutering en -verheffing
* 'n lewenswyse wat nie totale eendersheid op almal afdruk nie.

Landman benadruk in sy referaat (1980(a) : 13) dat die nasionale grondslag van die TO belangrik is, want 'n Christus-sentriese lewe is noodwendig in 'n eie vaderland waar elke volk/mens deur God in 'n bepaalde nasionale en groepsverband geplaas is om in die beson= dere konteks uit dankbaarheid na Gods wet en verordeninge te lewe. Hierdie (Christelik)-nasionale opvoeding moet, volgens Landman, in die moedertaal geskied.

Uit bogenoemde omskrywings kan afgelei word dat die TO die volgende essensies in sy interpretasie van sy nasionale grondslag verwoord:

* Nasionalisme sluit nie die Christelike grondmotief uit nie, daarom is (Christelik)-nasionale strewe vir hom:
  - die handhawing en uitbou van 'n eie identiteit sonder be= nadeling van ander volkere se identiteite;

- liefde en bevordering van die eie taal;

- lojaliteit teenoor eie owerheid wat demokraties verkies is; en

- respektering van eie sinvolle tradisies en geskiedenis.

Dit alles kom neer op liefde, beskerming, handhawing en uitbouing van die volkseie sonder diskriminasie teenoor enige ander volk of lid van sodanige volk.

### 4.3.9 Die bepaald-wees van die nasionale grondslag van die TO deur sy Skrifmatige religieuse grondmotief

Tot dusver is in hierdie hoofstuk in Paragraaf 4.2.4 aangetoon dat die Christelike religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing primêr en as beheersende dryfkrag agter die oorsprong, wese, bestemming en funksionering van die TO werksaam was. Ook is in Paragraaf 4.3 (4.3.1 tot 4.3.7) aangetoon dat die Godsbeskou= ing, werklikheidsbeskouing, mensbeskouing, kenteorie en etiek van die TO gefundeer is in sy Christelik-religieuse grondmotief.

In hierdie paragraaf sal nou aandag gegee word aan die standpunte van die TO oor die Christelik-nasionale lewensopvatting en in watter mate die twee begrippe vir die TO 'n eenheid vorm al dan nie.

Alreeds in 1943 verklaar Erlank (1943 : 35) dat die Afrikaner se godsdiens vir hom nasionaal-kultuurlike noodsaak is; "en die vrye ontplooiing van sy nasionaliteit en kultuur is godsdienstige nood= saak. Die intieme vervlegtheid", vervolg hy, "van daardie dinge in ons volkslewe is ons noodlot en ons heerlikheid. Ons kăn, ons

dûrf hulle in die opvoeding veral nie skei nie, omdat geen pous of predikant, geen hooggetitelde vernaamheid selfs, ons die nodige dispensie kan gee om te skei wat God in ons volkslewe saam=gevoeg het nie".

Swart (1981(a) : 21) stippel die volgende essensiële betekenis=komponente van Christelik-nasionaal uit:

* Christelik-nasionaal mag nie as woorde geskei word nie, want die eenheid daarvan dui daarop dat die Afrikaner se nasionale strewes in die verlede deur Christelike grondslae gedra is. Die binding van dié twee begrippe grond hy op die feit dat Christelik-nasionaal die Afrikaner in sy kul=tuurhistoriese ontwikkeling tot 'n selfstandige volk "ge=bind, begelei, in stand gehou, verryk en versterk het". Die skeiding van die twee woorde/begrippe dui op gelyke eenhede (kompartemente).

* Die skryfwyse mag ook nie Christelik-Nasionaal (albei met hoofletters) wees nie, want dit impliseer gelykwaardigheid van dié twee woorde.

* Die skryfwyse Christelik-nasionaal is korrek en verkieslik, want Christelik moet eerste kom omdat die Christelik-reli=gieuse grondmotief die totale lewe van die Christen-Afrikaner oorheers en bepaal.

Landman (1980(b) : 16) kwalifiseer die sienswyse van Swart deur daarop te wys dat die skryfwyse "Christelik-nasionaal" moet wees omdat die Christelike oorkoepelend is en die nasionale insluit; die nasionale los van Christelike kan lei tot eensydige sosialisme en as Nasionale (met 'n hoofletter) gelyk gestel word aan Christe=

like kry dit 'n belangrikheidselement gelyk aan Christelike wat dit nie werd is nie.

Die nasionalisme van die Afrikaner "hou hom nederig voor die Here omdat God elke en enige volk kan verdelg" (Swart, 1981(a) : 22). Die norm van die Afrikaner se nasionalisme is Christelik*.

Die Grondwet van die TO (art. II C) skei hierdie twee begrippe en volstaan met die skeiding ten spyte van Landman se uiteensetting. In die Grondwet (art. II C) erken die vereniging dat "onderwys en opvoeding Christelik en nasionaal" is. Hoewel Christelik met 'n hoofletter geskryf word, is die skeiding van die twee woorde, ge= sien teen die agtergrond van die voorafgaande betoog, nie te reg= verdig nie. Die TO verdedig sy skryfwyse deur te verklaar dat hy hierdie twee woorde as 'n eenheid interpreteer en dat dit so behoue moet bly om in ooreenstemming te wees met die bewoording van Wet 39 van 1967 (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1980 : 13). Die figurering, funksionering en ook die manifestasies van die TO dui deurgaans daarop dat hy in die verlede konsekwent getrou was aan die grondslag van die Christelik-nasionale beginsel in die onder= wys.

## 4.4 SAMEVATTING

Die TO het homself in Transvaal en in die RSA bewys as 'n vereniging wat nie net sterk invloede op kultuurhistoriese terrein

---

*Swart fouteer stellig as hy 'n rangorde (eerste en tweede) aan Christelik en nasionaal toeken, want Christelik is allesomvattend en alle ander begrippe word daardeur gerig en bepaal.

uitgeoefen het nie, maar ook as 'n vereniging wat vanuit 'n bepaalde religieuse grondmotief as wortel sinvol figureer en funksioneer.

Die TO is religieus primêr anastaties teruggebind aan die Ewige God van die Heilige Skrif, daarom was (en is) sy primêre dryfkrag die Christelik-religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing. Hierdie religieuse grondmotief het deur die jare as stukrag vir die TO gedien. Sedert sy ontstaan het dié vereniging hom as diens- en kultuurorganisasie en as inspirerende dryfkrag vir sy lede en vir sy volk bewys.

In sy Grondwet, Erekode, handelinge en besluite het die TO getrou gebly aan sy grondmotief. Die lewensbeskoulike-grondslae van die TO is gegrond op sy religieuse grondmotief. Hierdie vereniging het deurgaans sinvolle bydraes gelewer in die opbou van 'n nasionale identiteit by die Blanke Afrikanervolk van Suid-Afrika — egter steeds onder leiding van die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing. Herhaaldelik is die lede opgeskerp om hulle in te grawe in die Skrifwaarhede en om vanuit Skrifperspek= tiewe oor die werklikheid — in verantwoordelikheid — te heers.

Vervolgens word in Hoofstuk 5 die samestelling en organisasie= struktuur van die TO in oënskou geneem.